

Resensie

***Compoun* deur Ronelda S. Kamfer, Wereldbibliotheek, 2024**

Vertaler: Alfred Schaffer

Carla Lindt

Ronelda Kamfer is 'n bekroonde digteres en is alombekend vir haar poësie wat hoofsaaklik in Kaaps, 'n variëteit van Afrikaans, geskryf word. Sy het verskeie groot toekennings gewen, insluitend die Eugène Marais-prys vir haar debuutbundel *Noudat slapende honde* (Kamfer, 2008) en die Absa Kanna-toekenning vir *grond/Santekraam* (Kamfer, 2012a). In 2015 word die Jan Rabie en Marjorie Wallace-skrywersbeurs aan haar toegeken en gevolglik publiseer sy haar debuutroman, *Kompoun*, in 2021. Hierdie roman is in Nederlands vertaal deur Alfred Schaffer, 'n bekroonde digter en dosent aan die Universiteit Stellenbosch.

Die Afrikaanse titel, *Kompoun*, word vooraf verduidelik deur middel van 'n uiteensetting van die Oxford-woordeboek se definisie daarvan. Hierdie betekenisverklaring sluit aan by die vertelinstansie wat in die roman voorkom waar Nadia en haar neef, Xavie, om die beurt die verhaal oor hulle grootwordjare op Groenplaas en die Kaapse Vlakte vertel.

Binne die konteks van die sosiolinguistiek hou die titel verband met die verafrikaansing van die Engelse term 'compound' (vergelyk hier die skryfwyse en uitspraak van die oorspronklike titel: *Kompoun*). Dit is 'n weerspieëling van hoe mense Kaaps gebruik. In hierdie geval dui dit op die linguistiese tendens onder Kaapssprekendes om die konsonant aan die einde van 'n woord weg te laat.

Schaffer se vertaalkeuse vir die Nederlandse titel, *Compoun*, is eintlik gemaak na aanleiding van 'n voorstel deur sy kollega en medevertaler, Marius Swart, wat aanbeveel het dat hy die Engelse woord behou en slegs die laaste letter van die woord weglaat (De Vries, 2024). Dit wil voorkom asof Schaffer dieselfde proses gevolg het as Kamfer om die reële uitspraak van die woord, soos Kaapssprekendes dit sou uitspreek, in die doelteks so outentiek moontlik weer te gee. Met die keuse van veruithemingsing (oftewel vervreemding) om die leser bloot te stel aan die brontaal se unieke taalstruktuur, kan daar in hierdie verband genoem word dat die titel in die doelteks geslaagd is.

Soos reeds genoem, vertel Nadia en Xavie die verhaal van die McKinney-familie en hulle eie stories loop parallel met die geskiedenis van dié familie.

Deur middel van 'n beurtelingse vertelling lewer hulle verslag oor die rol van hulle ouma, Sylvia McKinney, in hulle kindertyd. Sy is aldus die bronteks alombekend as “die stammoeder van lieg” oftewel “die matriarg van Groenplaas”. Die familie word dus deur die ouma “gebind in suffering” (176). Nadia en Xavie probeer uitpluis wat regtig in hulle familie gebeur het en diep al die geheime op. Die onafskeidbare paar probeer die harde realiteit oorleef terwyl hulle met toksiese familiedinamika te doen kry. Hulle ontbloot waarhede oor mishandeling en familiegeheime, insluitend “Auntie Diana” se verhouding met Edward, 'n swart plaaswerker van die kompoun, en die tweeling wat uit die verbode liefdesverhouding gebore is en uiteindelik deur ouma Sylvia weggegee word.

Ernstige situasies word humoristies hanteer as 'n manier om hulle werklikheid te oorleef. Een so 'n voorbeeld is wanneer Nadia se pa haar slaan en haar neefs en niggies haar daaroor spot. Nog een is die feit dat Xavie se pa 'n kindermolesteerder is en die familie 'n grap daarvan maak (227).

As 'n bekende Nederlandse digter het die vertaler van *Compoun*, Alfred Schaffer, in 2021 die P.C. Hooft-prys – 'n prestigieprys in Nederland – vir sy poësie ontvang. Ander pryse en toekennings vir sy poësie sluit in die Charlotte Köhler-prys in 2017 en die Paul Snoek-prys in 2014 vir sy poësiebundel *Mens dier ding* (Schaffer, 2014). Benewens sy poësie-skryfwerk en doseerpligte hou hy hom ook met vertaling besig. Schaffer het al vantevore Kamfer se poësie in Nederlands vertaal, daarom is haar skryfstyl en temas nie vir hom nuut nie. Sy vertaling van haar vorige werke sluit onder meer in *Nu de slapende honden* (Kamfer, 2010), *Santenkraam* (Kamfer, 2012b) en *Mammie* (Kamfer, 2017).

Om 'n prosateks te vertaal verg ander tegnieke en 'n ander werkswyse as poësievertaling. Die bronteks is vol kultuur-spesifieke elemente waar Kamfer oor die realiteit uitwei waarmee karakters in haar storie te kampe het. Die storie word byvoorbeeld vertel deur gebruik te maak van verskillende taalvariante naas dié van Standaardafrikaans, en dit kan die vertaalproses bemoeilik as dit nie reeds vroeg in die proses vasgestel word nie. Vir my weerspieël Kamfer se skryfstyl Nadia se stem – sy sê dinge soos dit is, maak nie saak hoe kras dit klink nie. Om hierdie werk op so 'n manier te vertaal dat die leser volle toegang verkry tot die taal, kultuur en ervaring van mense in die platteland en die Kaapse Vlakte, is 'n uitdaging. As vertaler moet jy óf baie goed ingelig wees óf self vertrouwd wees met die omgewing. 'n Belangrike vraag in die verband is: Hoe vertaal mens vloekwoorde, uitdrukkings en unieke woorde wat net deur 'n sekere groep sprekers gebruik word – veral wanneer daar geen naslaanbron is om die betekenis van hierdie woorde beter te verstaan nie?

Kaaps en omgangsvariëteite van Afrikaans bevat talryke idiome en uitdrukkings wat uniek is aan die sosiale kontekste waarin dit gebruik word. Dit is uitdagend om te vertaal wanneer daar nie 'n normeringsbron van woorde of uitdrukkings bestaan nie. Daar is heelwat sulke gevalle in die bronteks, byvoorbeeld: “haar kont moet toekap” (17), “soort soek soort” (55), “hy is nou vol van my” (142), en “die ding ruk” (201).

Schaffer het die doelteks op só 'n manier vertaal dat dit 'n hele paar kulturele ekwivalente bevat sodat die doelteksleser nie ‘uit die teks val’ nie. Voorbeelde hiervan is: “sonder 'n waslap op jou naam” (18) (*als je geen cent hebt*), “ekstra geld was brood vir ons” (19) (*hadden wij te eten*), “'n slaggie haar gevriet kan hou” (28) (*kon stoppen met haar gezeik*), en “mettie lyf is” (70) (*met haar lijf in actie was*). Dit is duidelik dat die doeltekslesers en hulle kultuur geprioritiseer word bo streng getrouheid aan die bronteks.

Daar is ook heelwat funksionele ekwivalente van terme in die doeltaal sodat die Nederlandse leser die teks vlot kan lees. Enkele voorbeelde sluit in: “Old Apostolic” (29) (*Oud-Apostolische Kerk*), “Shay-Lee-goed” (36) (*Shay-Lee-dinges*), “Olof Bergh” (46) (*Olof Bergh-brandij*), “Pollsmoor” (116) (*Pollsmoorgevangenis*). Die Nederlandse leser sal hierdie uitheemse agtergrond dus maklik verstaan en die weglating van annotasies, glosse of woordelyste in die vertaalde teks is in hierdie verband opvallend.

Voorts is Nadia en Xavie se vertellings vol eiesoortige leksikale items. Die gebruik van *peuk* in die doeltaal sinspeel op die Standaardafrikaanse betekenis van die woord “entjie” aangesien *peuk* in Nederlands na die eindgedeelte van 'n sigaret verwys. Die teikengehoor kry dus 'n beeld dat daardie sigaret 'n klein stukkie is, al is dit nie noodwendig in die brontaal die geval nie. Hy vertaal ook “dit nie op sy fortnight geval het nie” (11) as *omdat hij nog niet was betaald*. Dit dui daarop dat Uncle Empty nog nie sy salaris verdien het nie, maar dit kom tog neer op wat in die bronteks bedoel word – dat Uncle Empty elke tweede week sy salaris ontvang. Schaffer spits hom nie toe op 'n woord-vir-woord vertaling nie, maar vertaal die konteks en die bronteks se kultuur. Verdere voorbeelde sluit in woorde soos: “boatjie” (213) (*joint*), en “smootjie” (224) (*gesmoorde ui en tomaat*).

Aangesien die oorspronklike teks Kaaps, Engels en ander slengvorme bevat, is dit interessant hoe al hierdie vorme in die vertaling weerklink. Met die deskriptiewe vertaling van Xavie se vertelling van die pastoor se snaakse Engelse aksent in: “Kinders wat sing by 'n begrafnis” (147) verstaan die leser presies hoe die pastoor se woorde in daardie aksent uitgespreek word. Die pastoor se Engels word beïnvloed deur die soort Afrikaans wat bruin Afrikaanse huistaalsprekers gebruik, en dit word in die vertaling weerspieël.

Met *Compoun* het Schaffer hom goed van sy taak gekwyd. Die vertaalde teks is myns insiens geslaagd aangesien dit dui op die komplekse taalkundige en kulturele prosesse wat tussen Afrikaans en Nederlands aan die gang is. Voorts openbaar die dinamika tussen die kragte van vervreemding en domestikering hoe tale en kulture gelyktydig van hulle oorsprong wegbeweeg en daarop steun. Dit is vir my mooi dat Nederlandse lesers deur hierdie vertaling toegang het tot die ryke kultuur en taal van Afrikaans en sy sprekers. Ek hoop dat daar nog vele ander boeke in Nederlands vertaal sal word wat in verskillende variëteite van Afrikaans geskryf is.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- De Vries, W.** 2024. Bruggenhoofden: Alfred Schaffer, 'n digter en vertaler van die tussengebied. Voertaal. <https://voertaal.nu/bruggenhoofden-alfred-schaffer-n-digter-en-vertaler-van-die-tussengebied/>. (Datum van gebruik: 17 Junie 2025).
- Kamfer, R.S.** 2008. *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwela.
- Kamfer, R.S.** 2010. *Nu de slapende honden*. Vertaal deur Alfred Schaffer. Amsterdam: Uitgeverij Podium.
- Kamfer, R.S.** 2012a. *grond/Santekraam*. Kaapstad: Kwela.
- Kamfer, R.S.** 2012b. *Santenkraam*. Vertaal deur Alfred Schaffer. Amsterdam: Uitgeverij Podium.
- Kamfer, R.S.** 2017. *Mammie*. Vertaal deur Alfred Schaffer. Amsterdam: Uitgeverij Podium.
- Kamfer, R.S.** 2021. *Kompoun*. Kaapstad: Kwela.
- Schaffer, A.** 2014. *Mens dier ding*. Amsterdam: De Bezige Bij.